



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

20 AUGUSTUS 2017

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

# GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

## EREDIENSTE

20 Augustus (Nagmaal)

27 Augustus

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	2/3	Dr. Hanekom	5
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	7/8	Prop. vdW'huizen	9
09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Gericke	-	Ds. Visagie	-
09:00	Grootaal	Blokdiens	Ds. Breytenbach	-	Graad R + ouers	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Duvenhage	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	13	Philipp Dietmann	11

### OGGENDDIENS

Genade en  
versoening

2 Kor. 5:11 - 6:1

### MEDITATIEF

Ritme van genade

Gen. 1

### GESINSDIENS

Genade is soos  
versekering.  
(Romeine 8:14-17)

### JEUGDIENS

Ontmoet Jesus by  
die nagmaaltafel

(Matteus 26:17-30)

### BLOKDIENS

Breytenbach

Oor vashaak en  
vergewe

(2 Kor 5:16-6:2)

### DEUROFFER

Karoo-uitreike

## KOSPROJEK

Die kosprojek het 'n dringende tekort aan kosbydraes. Gee asb. bydraes van nie-bederfbare kos by die kerkkantoor af, of plaas op die wit kas onder die trap in die kerk. Kontantbydraes is ook baie welkom en kan oorbetaal word na: ABSA, Tjekrekening 145 058 0011 takkode 632005. Gebruik "kosprojek" as verwysing.

## LENTETEE

15 September om 10:00 tot 12:00 in die Markplein

Vrouens met voorskoolse kinders, wat soggens tuis is, word uitgenooi na 'n lentetee en saamkuier op 15 September vanaf 10:00-12:00 in die Markplein. Dit is 'n ideale geleentheid om ander vrouens met jong kinders te ontmoet. Bring gerus jou kinders saam - daar sal 'n toesigdiens aangebied word.

Koste is R50 en sluit 'n cappuccino / tee en iets te ete in. Laat weet asb. vir Karin Barter (navrae@stellenberg.co.za / 021 9764519) of ons jou kan verwag.

## JEUGDAGBOEK

- Kategese en jeugdiens elke Sondag vanaf 18:00 tot 20:00.
- Senior Kategeteleiers ontmoet mekaar om 17:30 - elke Sondag.
- KWARTAALTEMA: *Encounter* (Ontmoeting) - met God, die kerk en met ander.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Indien jy by 'n kleingroep wil inskakel kontak asb. vir Peter 073 262 3848 of Elzanne by 074 144 9226.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, Bo-vertrek.
- REACH-WEEK: Dankie aan elkeen wat die afgelope Reach-week na die hospitale, strate en gemeenskappe uitgereik het. God is aan die beweeg en ons is opgewonde oor ons kinders wat nie skaam of bang is om die naam van Jesus uit te dra nie.
- UITREIK na Pampoenkraal: Saterdag 9 Sept - meer inligting sal volg.
- BELYDENISAFLEGGING: 17 September - kontak Sunet by [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za) vir aansoekvorms.
- GRAAD 9 & 10 KAMP: 22 tot 24 September. Inskryfvorms by jeugkantoor beskikbaar. Ons benodig ook leiers! Indien jy 'n leier wil wees stuur 'n epos na [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za)
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

## BLOKDIENS VIR GRAAD R EN OUIERS

Lydia-Ann Carstens, Kliniese Sielkundige kom met kinders en ouers gesels oor aanpassings wat te wagte kan wees met die oorskakeling vanaf graad R na graad I. Sondag 27 Augustus om 09:00 in die Grootaal.

## VRYWILLIGER VIR DIE KOSPROJEK

Die kosprojek benodig die hulp van 'n vrywilliger wat bereid is om elke tweede maand behulpsaam te wees met die administrasie en aankope verbonde aan dié projek. Kontak asb. vir Milda by 021 976 4519 / [milda@stellenberg.co.za](mailto:milda@stellenberg.co.za) indien jy kan help.

## KATEGESE LOKALE

Gr 1	Kleinsaal
Gr 2&3	Grootaal
Gr 4,5 &6	Kerk
Gr 7	Jeuglokaal
Gr 8	Jeuglokaal
Gr 9	Kerk
Gr 10	Grootaal
Gr 11	Kleinsaal

## STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029  
[sos@stellenberg.co.za](mailto:sos@stellenberg.co.za)

## KWEEK VIR DIE HERE

Maak 'n aantekening. Op Sondag 27 Aug sal daar weer om 10:00 'n plantetafel aangebied word.

## VAT VYF 23 AUGUSTUS

'n Groep van ons senior lidmate gaan op Woensdag 23 Augustus na die Breytenbach-sentrum op Wellington. Die bussies vertrek 08:30 en sal 12:30 terug wees. Die uitstappie is vol bespreek.

## KLEINGROEPE@STELLENBERG

- Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir jongmense, groep vir afgetredenes, omgee- of Bybelstudiegroep) in die gemeente aan te sluit, meld na die diens by die informasiepunt buite die kerk aan, of stuur 'n e-pos na [kleingroepe@stellenberg.co.za](mailto:kleingroepe@stellenberg.co.za).  
Besoek [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za)
- Ons is ook besig om 'n opname van bestaande kleingroepe in die gemeente te maak. Indien jy by 'n kleingroep ingeskakel is, stel ons asb. in kennis deur 'n e-pos aan [kleingroepe@stellenberg](mailto:kleingroepe@stellenberg.co.za) te stuur of by die informasiepunt na die oggenddienste aan te meld.

## ONS BID VIR MEKAAR

- Johan Neethling, Melinastraat, ontvang bestraling en chemoterapie.
- Seppie Malherbe, Oakwood Pinehurst, ontvang bestraling.

## DS. BREMER GERICKE SE AFSKEID

Ds. Gericke se afskeidspraak is op Sondag 17 Sept om 09:00 in die kerk. Na die diens word tee en verversings aangebied. Op 1 Sept by die Bring-en-Braai-aand word lidmate genooi om infor-meel van Bremer en Erna afskeid te neem. Daar word beoog om teen November 'n beroep vir die nuwe leraar uit te bring.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Andre Martin Nieuwoudt gebore 03/04/1956 en oorlede op 11/08/2017. Sy roudiens was op 15 Augustus in die kerk. Ons meegevoel met sy vrou, Ria en kinders wat hy agterlaat.
- Johanna Catharina Jacoba Cornelia Vollgraaff, gebore 16/05/1931 en oorlede op 11/08/2017. Sy was 'n inwoner van Edelweiss. 'n Gedenkgeleentheid sal op 'n later stadium gehou word.

## EDELWEISS

20 Aug. Nagmaal 17:30  
Psalm 73: God is goed . . .

24 Aug. Geen Bybelstudie

27 Aug. Huisbyeenkoms  
Matteus 14: 22 - 33  
Geloof is om te . . .

## NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan nuwe lidmate in die gemeente. Meld asb. na die oggend-dienste by die inligting-toonbank aan, of stuur 'n e-pos na [navrae@stellenberg.co.za](mailto:navrae@stellenberg.co.za)

## AFVALVOL

Afvalwol of kontant-bydraes vir wol kan by die kerkkantoor afgegee word.

## EDELWEISS VERKOOP trooskos vir die winter

Pannekoek op Vrydag 25 Augustus. Plaas asb. vooraf bestellings by Berna 021 976 1150.

Snoekbraai op 1 September met snoek, patat, tuisgebakte brood en korrelkonfynt. Etes @ R50 per persoon kan vanaf 12:00 by Edelweiss afgehaal word. Bespreek jou ete by Berna 021 976 1150.

## REFORMEREND VORENTOE

Wanneer ons praat van *sola gratia*, genade alleen, bedoel ons as gereformeerde gelowiges dat genade 'n geskenk is, ons verdien dit nie. Dat God ons liefhet is nie 'n beloning nie, dis die aard van God. Daar is nog **gratis gedenkboekies** oor die Reformasie / Hervorming na die diens by die deure beskikbaar. Daar is 'n baie kort opsomming van die geskiedenis van die Hervorming en Martin Luther. Verder bevat die boekie die volledige brief aan die Romeine (die nuwe direkte vertaling) met 'n inleiding en ten slotte 'n reis in sewe fases na aanleiding van tekste uit Romeine.

---

## VOSBURG KAROOKUIER 8 SEPT 15:00

Help asb. met die volgende:

### Skenkings van produkte:

Suiker / Kaneel / Koekmeel / Eiers / Kookolie / Vla / *Crosse and Blackwell* mayonaisse. Gee asb. voor 4 Sept by kerkkantoor af.

### Kontantbydraes:

Betaal asb. kontantbydraes oor na ABSA, Tjekrekening 145 058 001 | takkode 632005 met "Vosburg" as verwysing.

### Gasstofies:

Die pannekoektafel het 'n paar gasstofies nodig. Indien jy bereid is om vir ons een te leen, kontak asb. vir Ria Bester by 082 926 7886.

### Helpers:

Ons het helpers by die volgende stasies nodig: Aartappelslaai, Poeding en Pannekoek. Skryf asb. jou naam op die lyste by die inligtingstalletjie (soggens na eredienste) en dui aan waar en in watter tydgleuf jy kan help. Jy kan ook vir Karen Visagie 'n sms stuur by 082 827 9389 om aan te dui waar jy kan help.

## DIE DINEE MET 'N DOEL

Stellenberg Omgeetrust bied 'n veiling en ete op Donderdagaand 21 September aan ten bate van projekte soos die Echo-omgeehuis, die kleuterskool in Prins Albert, Ruyterwacht seniorhuis en vele voedingsprojekte. Individuele kaartjies, groepkaartjies of besprekings van 'n tafel is beskikbaar. Bespreek jou plek by feesmark@stellenberg.co.za

## AARDVERSORGING

Die volgende vier ekologie projekte is binne die gemeente geïdentifiseer: opruiming van die Kuilsrivier, herwinning, boomplanting en tuinversorging. Dit is voorstelle en kan verander word na gelang van insette wat ontvang word. Ons het dringend lidmate nodig wat verantwoordelikheid en leiding sal neem. Kontak Bremer, bremer@stellenberg.co.za